Nuusbrief 167

30 Julie 2010

Beste lid,

Uitnodiging

VERDUURSAAMDE HOUT BEDRYFSVERGADERING

Mr. Thomas Madzivhe, Algemene bestuurder van die Chemiese, Meganiese en Materiale Divisie van doe Nasionale Reguleerder vir Verpligte Spesifikasies (NRVS) nooi belanghebendes vriendelik uit die bedryfsvergadering wat as volg geskeduleer is:

Vergadering inligting

Datum: 16 Augustus 2010
Plek: Akasia Raadsaal, 8ste vloer, A blok, SABS Kampus
Dr. Lategan Weg 1
Groenkloof
Pretoria
Tyd: 10h00 – 13h00

Agenda
1. Verwelkoming & bywoningsregister.
2. Regulatoriese model vir die verpligte spesifikasie vir verduursaamde hout.
3. Finansiële model & finalisering van die heffing vir verduursaamde hout.
4. Algemeen.

RSVP: Manana Makgahlela
Tel.: 012 428-6377
E-pos adres makgahmc@nrcs.org.za

SAWPA 2de RONDTE STREEKSVERGADERINGS VIR 2010

Ons het reeds met die reëlings vir die volgende rondte streeksvergaderings begin. Die datums en plekke vir die vergaderings is as volg:

Aug 23	Kwa-Zulu Natal	Ascot Manor
Aug 27	Gauteng	Centurion Rugby Klub
Aug 31	Limpopo	Bolivia Lodge, Pietersburg
Sept 2	Mpumalanga	Forever Resorts, Badplaas
Sept 6	Western Cape	Bosboufakulteit, Universiteit van Stellenbosch
Sept 10	South/Eastern Cape	Pine Lodge, hoek van Saasveld & Knysna weg

Die vergaderings begin 10h00. Laat weet ons indien u enige spesifieke saak vir bespreking vir u streeksvergadering op die agenda wil plaas. Finale agendas sal binnekort versprei word. Neem asseblief kennis dat die Streeksvoorsitters gedurende die vergaderings deur u, die lede, genomineer en verkies moet word.

Stel asseblief vir Sue in kennis indien u van plan is om die vergadering/s en middagete by te woon, aangesien ons die nodige verversings moet reël.

SAWPA ALGEMENE JAARVERGADERING

Die SAWPA AJV vind op 22 September 2010 plaas by ons kantore in ISANDO. Laat weet ons indien u enige spesifieke sake op die agenda wil plaas vir bespreking, aangesien die finale agenda ten minste 21 dae voor die vergadering, soos in die SAWPA konstitusie neergelê, aan die lede gestuur moet word.

NOMINASIES VIR SAWPA VOORSITTER

U word herinner om u nominasie vir die Voorsitter van SAWPA se Uitvoerende Komitee aan ons te stuur aangesien die nominasies by die AJV aanvaar moet word en die Voorsitter daarna verkies moet word. Volgens die bestaande Konstitusie is die Voorsitter van die Uitvoerende Komitee *ipso facto* die Voorsitter van SAWPA.

INTERBUILD AFRICA 2010 – KOMPLIMENTÊRE KAARTJIES

Die Interbuild Africa 2010-skou vind op 8-11 September plaas by NASREC, Johannesburg. The Wood Foundation, waarvan SAWPA 'n stigterslid is, het 'n uitstalling by die skou. SAWPA het Komplimentêre kaartjies ontvang om aan ons lede te gee. Kontak asseblief vir Sue indien u kaartjies wil hê, sodat dit aan u gepos kan word.

OMGEWINGSIMPAKSTUDIE REGULASIES

Kennisgewing Nr 544, Lystingskennisgewing 1: Lys van Aktiwiteite en Bevoegde Owerhede in terme van die NEMA-Wet was op 18 June 2010 gepubliseer. Die doel van die kennisgewing is om aktiwiteite te identifiseer waar omgewingsmagtiging benodig word alvorens die aktiwiteit begin kan word, asook om die bevoegde owerheid vir die magtiging te identifiseer.

'n Aktiwiteit wat direk verband hou met ons bedryf is die min/maks kapasiteit vereiste vir die stoor en hantering van Gevaarlike Stowwe, soos bv. Stoor-, meng-, werk- en meettenks, wat bepaal of 'n impakstudie nodig is wanneer derglike infrastruktuur opgerig of uitgebrei word. Die vereiste is gewysig van "30 m³ maar nie meer as 1000 m³" na "80 m³ maar nie meer as 500 m³". Dit is egter belangrik om te onthou dat dit slegs 'n minimum vereiste is en dat indien u infrastruktuur gaan oprig of uitbrei u steeds die nodige owerhede moet kontak om te bepaal of daar nie ander beperkinge is nie. Kontak gerus vir SAWPA indien u 'n afskrif van kennisgewing Nr 544 wil hê.

TALKING ROT

- SAWPA het 13994 besoeke gedurende Junie 2010 aan ons webtuiste gehad.
- Ons het die AWPA 2010 Boek van Standaarde vir naslaan doeleindes aangeskaf. Kontak ons indien u enige spesifieke inligting uit 'n spesifikasie of toetsmetode verlang.

BRUCE BREEDT

SAWPA aanvaar geen verantwoordelikeid vir enige aanames wat in die nuusbrief gemaak word nie.